Maandag 17 Augustus
Skrifgedeelte: Lukas 18:1–8 (AFR83/AFR2020)
Fokusgedeelte: Lukas 18:7

## God doen reg in sy lankmoedigheid

Sommer heel aan die begin van die gedeelte sê Lukas duidelik waarom die Here Jesus hierdie gelykenis vertel het: "... *dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word.*"

Destyds was weduwees baie maklik verstoot en selfs verontreg. Waarskynlik was hierdie weduwee in die gelykenis deur familie van haar regmatige erfporsie ontneem. Verontreg en verstote wend sy haar tot die regter wat *"geen eerbied vir God of agting vir 'n mens gehad het nie"*. Omdat sy egter geen ander uitweg gehad het nie, het sy hierdie regter aanhoudend lastig geval: *"Doen aan my reg in my saak teen my teenparty."*

Ons voel soms soos die weduwee in die gelykenis. Veral deesdae word die kerk die uitgeworpenes en verstotelinge. Mense wil nie eintlik meer na die kerk luister nie. Daar word eerder met ons kerkmense die spot gedryf. Ons enigste uitweg in hierdie en soortgelyke omstandighede is gebed tot God. Ja, daar is hoop in 'n skynbaar hopelose toestand.

In die gelykenis het die weduwee die regter so lastig geval dat hy later maar half teësinnig tog besluit om haar in haar regsaak te help.

As ek en jy in ons nood aanhoudend, dag en nag, tot God bid, sal Hy nie, soos die wêreldse regter, so geïrriteerd reageer nie. Nee, luister wat sê die Here Jesus: *"Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie?"*

God sal aan sy uitverkorenes, wie se name in die boek van die lewe opgeskryf staan, reg doen. Hy sal ons gebede verhoor. Volhard daarom in gebed onder die kragtige leiding van die Heilige Gees.

*Sing: Psalm 68-1:1, 3*
*Dr. DJ (Danie) de Kock (Emeritus)*